Eben Dönges: Balansstaat

Historiese Perspektief

Anton E. Bekker

SUN PRESS

Eben Donges: Balansstaat
Historiese perspektief

Uitgegee deur SUN PRESS, 'n afdeling van AFRICAN SUN MeDIA, Victoriastraat, Stellenbosch 7600

www.africansunmedia.co.za / www.sun-e-shop.co.za

Alle regte voorbehou
Kopiereg © 2005 A. Bekker

Foto op die buiteblad: *Die Transvaler*

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm deur enige elektroniese, fotografiese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat-, band- of laserskyfopname, vermikrofilming, via die Internet of e-pos of enige ander stelsel van inligtingsbewaring of -ontsluiting.

Eerste uitgawe 2005

ISBN 1-919980 -68-7

Bandontwerp deur Soretha Botha
Tipografie deur Wikus van Zyl
Geset in 11/14 pt Frutiger Linotype

Gedruk en gebind deur US Drukkery, Victoriastraat, Stellenbosch, 7600

Vir
***Ansie**, wat dit weer eens nog*
prettig gevind het
en
***Konrad**, wat die muse weer*
wakker gemaak het.

Inhoudsopgawe

Proloog i
Inleiding 1

MINISTER VAN BINNELANDSE SAKE (1948 - 1958)
HOOFSTUK I Paspoort na apartheid 5
Immigrasie 5
Suid-Afrikaanse burgerskap 10
Paspoorte 13
Samesprekings met Indië en Pakistan (1950) 15
Dönges by die Verenigde Nasies 22
Die Indiër-kwessie 22
Die Suidwes-Afrika vraagstuk 28
Verwysings 36

HOOFSTUK II Hoekstene van apartheid 41
Die apartheidsgedagte 41
Gemengde huwelike 44
Bevolkingsregistrasie 48
Groepsgebiede 59
Bruin stemreg 72
Verwysings 86

HOOFSTUK III Pot pourri: Binnelandse Sake 93
Kulturele aangeleenthede 93
Openbare vakansiedae 95
Nasionale simbole 96
Sensuur 100
Stemreg vir 18-jariges 103
Staatsdiens 106
Verwysings 111

FOTO'S EN SPOTPRENTE 115

HOOFSTUK IV Politieke opgang 125
Politieke uitsendings 125
Provinsiale leier 126
Strijdom-era 128
Stryd om hoofleierskap (1958) 132
Verwysings 140

HOOFSTUK V Minister van Finansies (1958 - 1967) 143
A Ekonomiese en finansiële aangeleenthede 143
Desimalisasie 143
Eerste begroting 145
Laaste begroting in Sterling 148
Sharpeville en die verdedigingsbegrotings 149
Belastinghervorming 154
Inflasie 156
Nuwe munte 158
Goud 160
Evaluasie 162

B Politieke sake 166
Die Republiek 166
Swart tuislande 177
Taal, kultuur en ideologie 188

Verwysings 195

HOOFSTUK VI Kaaplandse NP-leier 201
Groei en vooruitgang 201
Twis oor senatore 205
Polemiek oor bruin mense 207
Die perswese 211

Onenigheid in kiesafdelings 215
Breyten Breytenbach 216
Worcester 218
Aangewese Staatspresident 219
Verwysings 224

HOOFSTUK VII Nalatenskap 227
Verwysings 229

BRONNE 231
i Literatuur 231
ii Letterkundige bronne 240
iii Tydskrif- en koerantartikels 240
iv Brosjures en pamflette 242
v Periodieke publikasies 243
vi Regeringspublikasies 245
vii Historiese manuskripte 245
viii Argivale bronne 247
ix Persoonlike onderhoude 249

Proloog

In die vroeë vyftiger-en sestigerjare van die 20ste eeu het 'n klein wit minderheidsgroep in Suid-Afrika 'n stelsel van sosiale en maatskaplike manipulasie begin wat die land in 'n totaal nuwe baan geplaas het. In die proses is die apartheidsbestel gevestig en uitgebou wat die lewens van miljoene Suid-Afrikaners ingrypend geraak en verander het.

Maatreëls is op die wetboek geplaas wat diskriminerend en kwetsend was. Die wetgewers en hul ondersteuners is later as rassiste gebrandmerk en beskuldig van ernstige menseregteskendings.

Dit was die groot paradoks van daardie jare. Wette wat inherent al meer verdrukkend geword het, is deur 'n al groter wordende korps van wit kiesers ondersteun. Optrede wat destyds fanaties toegejuig is, is later gediskrediteer en ontmasker as aanvalle wat teen die mensdom gerig was.

Waarom en hoe het dit gebeur?

Die antwoord hierop is nie simplisties nie. Dit maak die kern uit van die groot vraag waarmee historici gedurig worstel: om die mense van die verlede en hulle optrede beter te begryp as wat hulle self dit destyds verstaan het.

Ten einde hierdie en ander vrae in perspektief te plaas, is die lewe van dr. Theophilus Ebenhaëzer Dönges biografies in oënskou geneem. Hy is as persoon gekies omdat hy in die vyftiger-en sestigerjare sentraal gestaan het in die vestiging van die apartheidsregime. Trouens, as destydse Minister van Binnelandse Sake (1948 - 1958) was hy oor 'n dekade lank die persoon wat wetgewing deur die parlement geloods het wat mettertyd as die hoekstene van apartheid bekend geword het. Dit het te make gehad met onder meer groepsgebiede, bevolkingsregistrasie, die verbod op gemengde huwelike en die verwydering van bruin mense van die gemeenskaplike kieserslys - wetgewing wat in wese rassisties was.[1]

Bogenoemde aangeleenthede en sake wat daarmee verband hou, is in die lig van primêre bronne en kontemporêre geskrifte weer deeglik onder die loep geneem.

By uitstek was dit dus Dönges se taak om die abstrakte gedagtes en filosofieë van hom en sy geesgenote in konkrete wetgewing te giet en daaraan praktiese gestalte te gee. Dit het beteken dat Dönges in daardie jare toenemend deur baie gesien is as die verpersoonliking van apartheid en al die onheile wat daarmee gepaard gegaan het.

'n Vroeë rede waarom die apartheidbestel inslag gevind het, was die sterk opbruising van Afrikaner-nasionalisme veral ná 1948. Hoewel die Nasionale Party met 'n skrale meerderheid van vyf setels aan die bewind gekom het, was dit 'n duidelike teken vir D.F. Malan en sy ondersteuners dat Afrikaner-nasionalisme, na 'n lang ruk in die wildernis, besig was om nuwe momentum te kry. As sulks het die basiese apartheidsfilosofie van die party al meer kiesers gelok, wat gemeen het dat dit die regte pad was.

Gebeure elders in Afrika, waar die opkoms van swart nasionalisme tot aggressiewe optrede teen wit koloniale oorblyfsels gelei het, het tot gevolg gehad dat blankes in Suid-Afrika al meer in 'n laer saamgetrek het. Openlike geweld teenoor wittes, in veral Kenia en ander dele van Oos-Afrika, het die kiesers gretig na die Nasionale Party se apartheidspropoganda laat luister.

Die bedreiging van internasionale kommunisme is al meer gesien as 'n aanslag op die blanke en sy bepaalde leefwyse in Suid-Afrika. Die kommunistiese gevaar is op vernuftige wyse voorgehou as die groot rede waarom die Westerse beskawing in die Unie vernietig sou word. Vir die wit gemeenskap met sy kulturele en koloniale wortels diep in Europa was dit duidelike waarskuwings waarna geluister moes word. Daar moes besef word dat swart nasionalisme nie as dekmantel vir kommunisme gebruik moes word nie.

'n Belangrike wyse waarop die Nasionale Party sy apartheidsbeleid suksesvol verkoop het, was met die treffende gebruik van populistiese slagspreuke. 'n Voorbeeld van so 'n slagspreuk wat

in daardie jare deur Dönges en sy geesgenote gebruik is om hul ideologie en ideale te bevorder, was die wekroep *apartheid of selfmoord*. In openbare toesprake en by politieke byeenkomste is dit propagandisties aangewend om te help verseker dat apartheidsdenke inslag vind en vinniger versprei het.

Die slagspreuk apartheid of selfmoord was duidelik ontvanklik vir wit vrese. Dit het duidelik aan blankes gesê dat die alternatief vir apartheid te fatalisties was om te oorweeg; trouens dat hulle eintlik geen keuse gehad het nie. Die beleid was, aldus dié uitgangspunt, die enigste haalbare alternatief wat toekomssekerheid vir hulle en hul kinders gebied het.

Ná die verwydering van die bruin mense van die gemeenskaplike kieserslys en die verdere marginalisering van swartes het Nasionale politici met al groter sukses die harte van wit kiesers gewen. Veral in die eerste jare ná die bewindsoorname van 1948 het die Nasionale Party sy skrale meerderheid in die parlement voorgehou as 'n besliste aanduiding dat daar vir die blanke kiesers geen alternatief is nie: hulle moes die party se ondersteuningsbasis vergroot en help dat hy sy beleid kon uitvoer of so nie het daar 'n donker toekoms en besliste ondergang op hulle gewag.

Nasionale politici se uitsprake in hierdie verband is aangevuur deur pro-regeringskoerante wat gereeld gewaarsku het dat blankes en die Westerse beskawing in Suid-Afrika tot ondergang gedoem is indien apartheid nie volvoer sou word nie.[2]

Hoe het dit gebeur?

Die wyse waarop die proses verloop het, was in die eerste instansie met die promulgering van 'n wye reeks apartheidswette, veral onder die leiding van Dönges as Minister van Binnelandse Sake.

Terselfdertyd is die Nasionale Party se ondersteuners positief beïnvloed deur Afrikaanse kerke, wat geglo het dat die Afrikanervolk uitverkore was en Bybelse regverdiging vir apartheid bestaan het.

Dönges, vir baie jare kerkraadslid van die N.G. Kerk, was dieselfde mening toegedaan. So byvoorbeeld het hy op 16 September 1948 prontuit in die parlement gesê die Bybelse teks "in die huis van My Vader is daar baie wonings" (Johannes 14:2) was 'n duidelike verwysing na apartheid en 'n aanduiding dat daar geen gelykheid bestaan het nie.(3)

Ook as Minister van Finansies het Dönges miljoene rande begroot om die veiligheid van die apartheidstaat te verseker en die apartheidsbestel te stut. Trouens, die geld wat hy elke jaar aangewys het vir wapenaankope en militêre opleiding het so drasties toegeneem dat daar tereg daarna as verdedigingsbegrotings verwys is.

Dönges en sy kollegas het geglo dat die ideologie en die stelsel wat hulle gevestig het ten alle koste in stand gehou moes word. Dit het groot opofferings van die belastingbetalers geverg, maar hulle is duidelik gesê dat daar geen alternatief was nie en dat dit noodsaaklik was vir oorlewing. Kortom, dit moes as 'n versekeringspolis beskou word.

Die regering se beleid oor swart tuislande was 'n belangrike komponent van sy oorlewingsplan en ingrypende deel van sy antwoord op die wekroep apartheid of selfmoord. Hoewel H.F. Verwoerd die hoofargitek van die tuislandplan was, moet Dönges se aandeel daarin nie onderskat word nie.

Sy steun vir die swart tuislande het hy duidelik verklaar. Dié plan was vir hom 'n geloofsdaad en 'n reddingsgordel vir die blankes in Suid-Afrika. As die tuislandbeleid nie sou slaag nie, het daar 'n donker en onseker toekoms op hulle gewag. Vir konserwatiewe kiesers, wat bang was vir uiteindelike politieke gevolge van dié beleid, het hy gewaarsku dat "koersvaste beleidsaanpassing in veranderde omstandighede" noodsaaklik was en dit die enigste opsie was indien hulle wou oorleef.

As Minister van Finansies is Dönges gekritiseer dat hy nie genoeg geld vir grondaankope en die ontwikkeling van swart tuislande beskikbaar gestel het nie. Hy wou 'n onhaalbare ideaal bereik

waarvoor hy in elk geval nie bereid was om te betaal nie, het sy opponente beweer.

Ter verdediging van Dönges moet egter in gedagte gehou word dat hy onderworpe was aan die standpunt van sy hoofleier, Verwoerd, oor die tuislande en dat elke begroting ook sy finansiële beperkings gehad het.

Teen dié agtergrond en met inaggenome van Dönges se omvattende bydraes op die breë staatshoudelike en finansiële front moet sy optrede en loopbaan beoordeel word.

Prof. A.E. Bekker se eerste deel oor Dönges se jeugjare en sy vroeë loopbaan as joernalis, regsgeleerde en opposisiepolitikus is in 1988 gepubliseer deur Papirus met die titel *Eben Dönges - Lewe en loopbaan tot 1948.*

VERWYSINGS

1 George M. Fredrickson : *Racism. A short history*, pp.101-103

2 Vgl. *Die Burger*, 31-12-1964.

3 Debatte van die Volksraad, deel 65, 16-9-1948, k.2617.

Inleiding

Die oorwinning wat die Herenigde Nasionale Party in Mei 1948 behaal het, het vriend en vyand verras. Nie alleen is die magtige Verenigde Party by die stembus verslaan nie, maar is die party se bekende leier en staatsman genl. J.C. (Jan) Smuts van Eerste Minister na Opposisie-leier uitgeskuif. Die man wat daarna die politieke leisels oorgeneem het, was die 74-jarige D.F. Malan, oud-predikant en gewese koerantredakteur.

Onder die Nasionaliste se bewind het 'n nuwe tydperk in Suid-Afrika aangebreek. Vir die volgende aantal dekades is die land in 'n heeltemal nuwe rigting gestuur. Dit is in 'n baan geplaas wat om die beurt die land se mense tot hoop en wanhoop sou dryf; vryheid en gebondenheid sou voortbring en terselfdertyd wit en swart nasiebou in botsing met mekaar gebring het.

Afrikaner-nasionalisme, die kleurkwessie, ekonomiese faktore en algemene ontevredenheid met die beleidsrigtings en administrasie van die Verenigde Party was van die belangrikste redes wat tot die party se ondergang bygedra het.

Hoewel dit geskiedkundig 'n politieke magsverskuiwing was, het die uitslag by die stembus nie 'n groot meerderheid vir die oorwinnaars besorg nie. Die Herenigde Nasionale Party het 70 setels verower en sy verkiesingsvennoot, die Afrikaner Party, slegs 9. Die Verenigde Party se 65 setels tesame met die Arbeiders (6) en die drie "Naturelle-verteenwoordigers" het aan die Opposisie 'n totaal van 74 setels besorg. Dit het dus 'n skrale meerderheid van 5 setels vir die H.N.P.-vennootskap beteken.

Dr. Theophilus Ebenhaëzer Dönges, wat die vaandel vir die Herenigde Nasionale Party gedra het, het die Kaaplandse kiesafdeling Worcester verower. Hy het die setel met 'n meerderheid van 718 stemme gewen en in die proses altesame 5 233 stemme (dit wil sê 53,4 persent van die totaal) op hom verenig teenoor die

4 515 stemme (46 persent) wat Piet de Wet (Verenigde Party) gekry het. Die stempersentasie was 90,9 persent.

Dit was die eerste algemene verkiesing wat dr. Dönges gewen het nadat hy vroeër op Hoopstad (1938) verslaan is en in 1941 in 'n tussenverkiesing op Fauresmith tot die parlement verkies is.

Benewens bogenoemde redes het Dönges as pastorieseun en gelowige op oorwinningsfeeste sy persoonlike redes vir die gunstige uitslag bygevoeg. Vir hom was dit in die eerste plek te danke aan die leiding van die "alwyse Voorsienigheid" en daarná aan elke kieser wat na die stem van sy gewete geluister het.

Die gedagte van die Afrikaner as 'n uitverkore volk - nie vreemd by sy destydse geesgenote nie - is ook sterk deur Dönges beklemtoon. As spreker by 'n Dingaansviering op 16 Desember 1948 by Boomplaats in die Vrystaat, het hy die beeld uitgebou as deel van die uitvoering van Sy Goddelike Plan. (1)

'n Afrikaanse predikant van Kuilsrivier het kort na die uitslag in dieselfde trant aan Dönges geskryf dat daar ernstig gebid is vir 'n Nasionale oorwinning en dat die uitslag 'n gebedsverhoring was. Die konserwatiewe dominee het egter in dieselfde brief Dönges ernstig vermaan omdat hy kort tevore die Sabbat ontheilig het deur op 'n Sondag per vliegtuig te reis!

Malan het sy kabinet amptelik op 3 Junie bekend gemaak. Dönges (50) was een van sewe Kaaplandse L.V.'s wat in die nuwe kabinet opgeneem is. Sy portefeulje was Binnelandse Sake, Pos-en Telegraafwese.

Op sy geskrewe lys van die voorlopige kabinet, het Malan teenoor Finansies die name van N.C. (Klasie) Havenga, leier van die Afrikaner-party, en Dönges geskryf en ook albei se name teenoor die portefeulje Mynwese en Ekonomiese Ontwikkeling. Klaarblyklik wou Malan aan Havenga, as die senior man, die keuse laat. Dit is egter 'n geregverdigde afleiding dat hy albei as geskikte persone vir hierdie twee portefeuljes beskou het. Hoewel Dönges se groot belangstelling finansies was, het hy dit geredelik aanvaar dat Havenga, wat meer ervaring gehad het, die pos kry.

Die nuwe kabinet is op Vrydagoggend 4 Junie in Pretoria beëdig. Dönges, een van nege wat lid was van die Afrikaner-Broederbond, is daarna saam met sy kollegas na die woning van G.B. van Zyl, Goewerneur-generaal, wat hulle vir tee genooi het. 'n Ou tradisie waarvolgens die ministers formeel geklee was in streepbroek en swart baadjie, is die eerste keer verbreek deurdat almal dagpakke aangehad het. Dit was by die geleentheid dat die gevatte Paul Sauer gevra het of die geleentheid nie vir iets sterker as tee vra nie. Sjerrie is toe bedien. [2]

VERWYSINGS

1 A.1646 Dönges-versameling, vol.305, korrespondensie; *Die Burger* 21-6-1948.

2 A.E. Bekker : *Eben Dönges - Lewe en Loopbaan tot 1948*, pp.175 - 176; meer oor Dönges se verkiesingsveldtog, pp.169 - 176.

HOOFSTUK I

Paspoort na apartheid

Hoewel dr. Dönges vir 'n kort rukkie terselfdertyd die portefeuljes Pos-en Telegraafwese (1948 - 1949) en Mynwese (1949 - 1950) behartig het, was dit ongetwyfeld sy dekade as Minister van Binnelandse Sake (1948 - 1958) wat die meeste van sy tyd en kragte in beslag geneem het. In dié posisie het hy skerp in die soeklig gestaan as die Minister wat 'n reeks erg omstrede kwessies namens sy party moes hanteer.

IMMIGRASIE

Ná die verkiesing van Mei 1948 het die Herenigde Nasionale Party 'n skrale meerderheid van slegs vyf setels in die Volksraad gehad. Dit het sy taak uiters moeilik gemaak. Hy was kwesbaar, maar moes nogtans sy verkiesingsbeloftes uitvoer. Dit was dus noodsaaklik om sy magsbasis te konsolideer ten einde voortgesette steun en groei te verseker.

Een van die vroegste planne van die regering om Afrikaner-heerskappy te behou en uit te brei, was die aankondiging van 'n splinternuwe immigrasiebeleid. Op Maandagaand 16 Augustus 1948 het Dönges tydens sy eerste toespraak as Minister in die Volksraad opgestaan in die 2de ry langs sy bankmaat F.C. (Frans) Erasmus (Verdediging) om sy party se beleid oor immigrasie te verduidelik.

Hy het gesê die vernaamste oogmerke van die beleid was die behoud van die bestaande samestelling van die blanke bevolking en sy Westerse lewenswyse asook strenger keuring van voornemende immigrante. Sodoende moes die gevestigde bevolking se werksgeleenthede, behuising en sedewaardes beskerm word. Hy

het bygevoeg dat dit noodsaaklik is dat immigrante op ekonomiese, politieke en kulturele gebied assimileerbaar moes wees.

Presies 'n maand later, op 16 September, het Dönges tydens die bespreking van sy begrotingspos weer in 'n uur lange toespraak die immigrasiebeleid uiteengesit.

In die loop van die debat het die humeure dikwels opgevlam en verskeie sprekers het snedige aanmerkings gemaak. Arthur Barlow (V.P., Hospitaal) het Dönges byvoorbeeld beskuldig van anti-Britsheid en gesê dat as die wet destyds van krag was die Britse Setlaars of 'n man soos Cecil John Rhodes nooit in Suid-Afrika toegelaat sou gewees het nie. Dönges was 'n slim regsgeleerde wat net een doel voor oë gehad het naamlik om die Engelse te verdoem en sy vriende van die Broederbond te help, aldus Barlow.

Dönges het teruggekap en gesê dat hy Suid-Afrika nie in 'n tweede Rhodesië (vandag Zimbabwe) wou laat ontaard nie. "Deur oordeelkundig 'n beperking op ons eetlus vir immigrante te plaas, wil ons slegte spysvertering voorkom." (1)

In die debat het Dönges se flinke spitsvondigheid telkens deurgeslaan. Nadat W.R. Butters (V. P., Wynberg) hom by herhaling in die rede geval het, het Dönges prontuit gevra of sy tussenwerpsels die gevolg was van vertraagde ontwikkeling of vroeë seniliteit.

Op 'n ander keer het hy Harry Lawrence, 'n oud-minister en eertydse kollega aan die Balie, lelik op sy plek gesit. Dönges het Lawrence se argument afgeskiet deur te sê sy redenasie laat hom dink aan die man wat vertel het die Bybel praat broedermoord goed. Eers het hy die stuk in Genesis 4 vers 8 gelees waar Kain Abel doodgeslaan het. Daarna het hy Lukas 10 vers 37 voorgehou wat sê "gaan en doen jy net so...". (2)

Skaars drie weke na dié heftige parlementêre debat het genl. J.C. Smuts, leier van die Opposisie, nog 'n hou oor die saak na Dönges ingekry. Met die opening van 'n natuurtuin op Worcester, Dönges se kiesafdeling, het Smuts in Dönges se teenwoordigheid uitgevaar teen die immigrasieplan en die Minister gewaarsku dat hy 'n fyn